# GrietGriet

e-pos: magrietjie@up.ac.za
web: www.up.ac.za/magrietjie


April 2013
Volume 13




Die volgende *GrietGriet* verskyn in Julie 2013.
*GrietGriet is also available in English - please let us know if you prefer to receive an English copy.*




Pappa Pienk by ons Magrietjie banier tydens die gholfdag!




Daar is nog feesblaaie beskikbaar teen R80 per feesblad. Stuur gerus 'n e-pos na magrietjie@up.ac.za as jy belangstel om een te koop. Baie dankie aan elkeen wat al 'n feesblad gekoop het!

## MAGRIETJIE EN KANSA GHOLFDAG



In Augustus 2012 het Magrietjie en KANSA vir die eerste keer hande gevat om uit te reik na dié in nood. Hierdie vennootskap het gelei tot die ontstaan van die "Pink Drive Golf Day". Magrietjie en KANSA het nie net die mooiste kleur (pienk) in gemeen nie, maar meer belangrik, die passie om 'n waardevolle bydrae in die lewens van die gemeenskap te maak.

Die "Pink Drive" is in 2012, ons feesjaar, onder leiding van Oud-Primaria Esbé van Zyl begin en was 'n reuse sukses! Dit was 'n dag vol pret en ontspanning, maar die grootste sukses van die dag was die bewustheid wat ons onder die spelers kon skep oor kanker en hoe groot die nood vir hulp is. Dit is so maklik om verby die hartseer en pyn rondom ons te kyk. Ons word maklik vasgevang en behep met ons eie lewens en omstandighede, maar hierdie pienk dag het ons toegelaat om rustig te raak, die lewe in heroënskou te neem, en te begin om 'n verskil te maak.




Met die sukses van ons 1ste gholfdag, kon ons nie anders as om dit 'n jaarlikse tradisie te maak om fondse in te samel, en bewustheid vir KANSA te skep nie. **Ons volgende gholfdag vind op 2 Augustus 2013 plaas by Waterkloof Golfklub te Pretoria en beloof om 'n besonderse dag te wees!** Ons wil ieder en elk uitnooi om in hierdie dag te deel! Kom speel saam of stuur jou man, seun, vriend, vriendin, werkskollega – enigeen – maar raak betrokke!



Die sukses van so 'n dag is afhanklik van borge en spelers. Ons bied besighede en/of individue die geleentheid om al 18 putjies, die "tee box", "putting green", "halfway-house", onthaalarea en/of parkering te borg. Spelers kan inskryf teen R500 per speler, wat 'n "halfway house" geskenkbewys, geskenkpakkie en vingerete insluit. Daar beloof om ook baie pryse te wees! Indien jy sou belangstel of van iemand weet wat sou, kan jy 'n epos stuur na magrietjie@up.ac.za of skakel vir Elmien Steyn (Primaria) by 0837320662 of André Jordaan (huisvader) by 0828143303 vir meer inligting.




Groot asseblief, enige bydraes – finansieël of deur saam te speel sal BAIE waardeer word!

Ons hoop om sommer baie bekendes by ons "Pink Drive Golf Day" te sien!! Oefen intussen solank daardie swaaihou!!

## SPIKKELS WEN TUKS "OORLOGSKREET"

Nog nie eers vir 'n halwe dag deel van Magrietjie nie, en die Spikkels wys al klaar vir die res van TUKS hoe groot hulle pienk-passie is. Op 26 Januarie, tydens die amptelike verwelkomingsfunksie aangebied deur TUKS vir alle koshuis-eerstejaars, ding die nuwe eerstejaars mee in 'n kreet-kompetisie. Die Spikkels van Huis Magrietjie het sonder twyfel koning gekraai en vir elkeen 'n gratis pizza losgeslaan, geskenk deur TuksRes. Ons is bitter trots op ons Spikkels, wat ook sedertdien uitblink in elke geleentheid!



**1ste plek: Drastoel 2013**

## IENKMELODIENK

Met hope entoesiasme, pienk passie, glimlagte en oorspronklike, eersteklas danspassies het ons Spikkels diep in TUKS se harte ingekruip! Die Kultuur Ekstern, Christine van Aswegen, sowel as die Spikkels het hulle baie goed van hul taak gekwyt en sommer 'n algehele **2de plek** by die Amfi losgeslaan! Met melkkan in die hand het ons "Milkmaids in Love" gesorg vir 'n opwindende opvoering van begin tot einde. Ons is ongelooflik trots, en met so 'n Ienkmelodienk, kan ons nie wag om te sien hoe Serrie gaan vaar nie!





## JOOLVLOT EN DIE TANDMUIS...

Vanjaar het Magrietjie weer met die grootste daghuis op TUKS, Vividus mans, geJOOL. Met die algehele joolvlottema as "Childhood memories", het *Vivi la Grietjie* besluit om **die Tandmuis** op ons vlot uit te beeld. Met die fokus op herwinning, het ons leë koeldrankblikkies in ons vlot ingesluit. Deur sonskyn en reën, jolige en soms tranerige oomblikke, het ons vlot die strate van Pretoria binnegevaar as deel van daardie eenkeer in 'n jaar geleentheid. 'n Groot dankie aan elkeen se harde werk en opofferinge!








## DIE ANDER KAN BY ONS KOM LEER!

Daar is min dinge so lekker soos om nog 'n keer ons Magrietjies heel eerste om die laaste draai op LC de Villiers aangehardloop te sien kom. Ja, die titel van **Drastoelwenners 2013** behoort weereens aan Magrietjie!!! (vir die 14de keer). Na 'n hewige geploeg met TUKS se drastoelorganiseerders en amper toe nie 'n drastoelkompetisie nie, het die sport HK-lede besluit om die drastoelreëlings in eie hande te neem en die kompetisie aan die gang te kry. Dis moeilik om die trotse gees wat in 'n mens se hart opvlam aan iemand te verduidelik wanneer die Magrietjies sommer vroeg-vroeg die jaar al naam maak. Mooi so meisies!

## WIE IS DIÉ PIGGY SE BAAS?

Van ballerinas en disko-divas tot kriminele en 'n samurai-vegter was te sien by vanjaar se *Grietjie Piggy*. Ons spesiale groep Spikkels het alle verwagtinge oortref en ons ook elkeen iets van hulle menswees en persoonlikheid gewys. Die tema was soos oudergewoonte "As ek eendag groot is". Die spaarvarkies is geweeg, geparadeer en ondervra deur die beoordeelaars. Ons Spikkels het weer hul groot harte vir liefdadigheid getoon, en daar is altesaam R7000 vir Joolprojekte ingesamel.





## Het jy geweet?

Magrietjie fokus deesdae op 'n waardestelsel, eerder as 'n reëls-gebaseerde stelsel. Ons waardes is:

- Trots
- Aanvaarding
- Integriteit
- Eienaarskap
- Wees die beste wat jy kan wees
- Wedersydse respek

## Kyk uit vir…

Ons bidkamer se restourasie werk, om dit 'n warmer en meer gebruikersvriendelike omgewing te maak is amper klaar!! Ons deel graag met julle foto's sodra dit klaar is.



Hierdie uitgawe van *GrietGriet* is geskryf deur die redaktrise Luané Meyer. Baie dankie vir die rol wat elkeen van jul as Alumni speel. Ons waardeer elkeen se insette. As jy iets met ons wil deel, kontak ons gerus by magrietjie@up.ac.za

Ons harte klop warm as ons van julle hoor!

## SPRANKELENDE SPIKKELS

Elke jaar daag ons nuwe Spikkels bang en onseker op, maar hierdie jaar was iets anders. Die Spikkels van 2013 het vanuit die staanspoor alles gegee vir Magrietjie. Ons het 'n suksesvolle welkomweek en Joolweek saam met die Spikkels gehad, en dit was verstommend om te sien hoe so 'n groep dames binne so kort tydperk gegroei het tot 'n passievolle groep. Vroeg in die jaar was daar 'n sosiale aand saam met Mopanie, volleyball en bok-in-die-hok saam Sonop, lenkmelodienk, huislied leer, blommetjies vou asook 'n waardesessie. In die waardesessie het die Spikkels se insette en terugvoer ons ongelooflik verbaas en was dit heerlik om te hoor wat elke waarde vir die Spikkels beteken en hoe hulle dit hul eie gemaak het. Ons Spikkels het elke uitdaging met twee hande aangegryp en gesorg vir 'n koshuis wat weereens raakgesien word op die kampus!











**Bo: Sport saam met Olienhout en Sonop**

**Links: Outehuis 'social' saam met Taaibos**

## VOLGENDE OP ONS KALENDER

**2 Mei:** Serrie-finaal. Magrietjie het na die 22 April Serrie-uitdunne, weereens deurgedring na die finaal! Kom kyk gerus want vanaf hierdie jaar tree die koshuise twee keer die aand op, in die Amfi en in die Aula.

**18 Mei:** Universiteit Opedag. Laat weet gerus enige voornemende studente dat hulle Magrietjie kan besoek as hulle nog 'n koshuis moet kies. As jy in die omgewing is, kom loer in en bring sommer jou kinders om hulle te wys waar ma haar goeie ou dae beleef het.

## UIT ONS SKATKIS

**Leneé Stapelberg** skryf: "Beste Luané, Baie dankie vir hierdie nuusbrief. Sjoe, maar ons is trots op alles wat julle bereik het. Julle beïndruk ons ook met die absolute professionele kwaliteit van julle korrespondensie. As moeder van 'n voornemende Spikkel, is dit vir my so lekker om weer deur die fases van studentelewe te beweeg. Voorspoed en vreugde word jul toegewens!"

**Nalize Boshoff** skryf: "Wat 'n lieflike uitgawe! Maak my so trots om 'n oud-Magrietjie te wees. Ek was in 1984 (lenkvoog) - ons groep was die eerste Magrietjies ooit. Zelda was my prim in my eerste jaar. My meisiekind is ook volgende jaar (2013) 'n Spikkel. Wat 'n voorreg. Ek sien sommer baie uit om 'n toeskouer aan die lekkerte te wees. Welgedaan."

*Red: BAIE dankie aan Leneé en Nalize vir die terugvoer! Dit maak ons harte warm om julle mooi woorde te hoor en ons waardeer dit baie!*
*Baie dankie ook aan Rentia Long, Linet Kolb en Nanette Kritzinger wat feesblaaie gekoop het! Bestel vandag nog joune as jy nog nie 'n feesblad het nie. Daar is iets in vir elkeen van die 30 jaargroepe asook hope geskiedenis en staaltjies uit ons verlede.*

Tot weersiens in *GrietGriet* Julie 2013...